higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11020323)

08 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

182Q1N2208

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Skryf met slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hoofsaaklik ystererts word hiermee vervoer.

A Lugvervoer
B Spoorvervoer
C Sishen-Saldanha-spoorlyn
D Seevervoer

1.2 Hulle is ontwerp om spesifiek spoorwegtrokke te vervoer.

A Seevervoer
B Ro-Ros
C Vaartuie
D Hyskrane

1.3 Hulle het betrekking op aspekte wat die manier beïnvloed waarop 'n onderneming bedryf word.

A Sakesektor
B Markfaktore
C Tegniese faktore
D Industrieë

1.4 Dit het betrekking op die reg om in 'n sekere gebied vervoerdienste te lewer.

A Vaste koste
B Veranderlike koste
C Permitkoste
D Alleenreg op binnelandse vervoer

1.5 Dit loop op verskeie roetes in Suider-Afrika, van Suider-Afrika na Namibië en Tanzanië.

A Rovos Rail-trein
B Pypleidings
C Gautrein
D Openbare binnelandse lugpassasiers

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n ... vervoerder lewer 'n diens aan die publiek.

2.2 ... sluit in alle openbare en private metodes om mense geskeduleer of ongeskeduleer per lug, oor land of oor water te vervoer.

2.3 As net een maatskappy of entiteit die reg het om 'n sekere diens te lewer.

2.4 ... word nie toegelaat om hulle handbagasie by 'n ingang of in 'n paadjie neer te sit nie.

2.5 ... is wanneer 'n eenheidsvrag met verskeie vervoermetodes, onder een dokument van een plek na 'n ander vervoer word sonder dat die eenheid verdeel word,.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Definieer die volgende terminologie:

3.1 Bokkraan

3.2 Koolstofdioksied

3.3 Naatlose aanbodketting

3.4 Vraghoueroorplaser ('Transtainer')

3.5 Vervoer

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

Hardee Transportation

Jim O'Brien, die bestuurder van Hardee Transportation, is bekommerd oor wat sy grootste kliënte nou van sy vervoermaatskappy verwag. Hulle nuwe versoek het groot onenigheid veroorsaak. Die nuwe reël beperk die afhaal-en-afleweringtyd tot 10 uur vir elke drywer. Die versendingsentrums en kortstertpatrone begin ook dieselfde bedryfsure weerspieël. Maar Hardee se kliënte versoek dat die afhaal-en-afleweringstyd tot 14 uur verleng word om in die vraag te voorsien.

Jim stel voor dat sy verkoopspan hierdie kliënte oorreed om die oponthoudsheffing te verhoog of anders moet hulle maar hierdie kliënte verloor. Sy verkoopspan is egter heftig gekant teen Jim se voorstel omdat die maatskappy sodoende sy wins en toekomstige kliënte kan verloor. Een oplossing is dat hierdie kliënte hulle oplaai- of aflaaityd verminder, soos Jim voorstel. Hardee kan ook sy eie werkers en toerusting inspan om materiaal op- of af te laai sodat die drywers gouer kan vertrek. As die kliënte daartoe instem, sal dit tot al twee partye se voordeel strek.

Hulle kan ook nuwe pryse daarvoor beding. Die dienste sal betyds en teen 'n korting aan die kliënte gelewer word. Buitendien sal Hardee nie die 10-uurdryfreël oortree nie en geen kliënte verloor nie. 'n Tweede oplossing is om die roetes oor te bepaal. Swaar verkeer op hoofpaaie bly maar 'n probleem.

[Bron: study Mode.com]

4.1 Noem EEN vervoermetode wat Hardee kan gebruik om die 10 ure vir elke drywer te beperk. (2 × 1) (2)

4.2 Noem en verduidelik VYF generiese modale vervoerkenmerke wat Hardee kan toepas om verkeersoponthoude te vermy. (5 × 2) (10)

4.3 Beskryf kortliks TWEE intermodale aspekte wat Jim-hulle sal help om die oplaai- en aflaaityd te verkort. (2)

4.4 Noem VYF mark- en sakefaktore wat Jiim en sy vervoermaatskappy kan help om 'n beter diens te lewer. (5 × 2) (10)

4.5 Noem VYF elektroniese stelsels wat Jim kan gebruik om beter pryse te beding. (5 × 2) (10)

[34]

VRAAG 5

5.1	Beskryf VYF soorte veiligheidswetgewing vir die vervoermetode wat in antwoord op VRAAG 4.1 vereis word.	(5 × 1)	(5)
5.2	Noem en verduidelik VIER algemene vereistes vir roetebepaling.	(4 × 2)	(8)
5.3	Teken 'n diagram van die prosedure om 'n bespreking te doen.	(9 × 1)	(9)
5.4	Onderskei tussen die private en die openbare vervoerstelsel.	(2 × 2)	(4)
5.5	Noem VYF redes hoekom passasiervervoer beplan en gereguleer word.	(5 × 2)	(10)
			[36]

VRAAG 6

6.1	Definieer *vaste koste*.		(2)
6.2	Noem VIER prosedures wat gevolg word as terugbetaling geëis word vir kaartjies wat reeds verstryk het.	(4 × 1)	(4)
6.3	Noem TWEE vereistes en prosedures vir ontruiming.	(2 × 2)	(4)
			[10]

TOTAAL AFDELING B:	**80**
GROOTTOTAAL:	**100**

Kopiereg voorbehou